

# HOËRSKOOL EBEN DÖNGES HIGH SCHOOL

Posbus 93, Kraaifontein  
Van der Bijlstraat  
KRAAIFONTEIN, 7570  
Tel no: 021 988 7430/9  
E-pos: [head@edonges.org.za](mailto:head@edonges.org.za)



PO Box 93, Kraaifontein  
Van der Bijl Street  
KRAAIFONTEIN, 7570  
Tel no: 021 988 7430/9  
E-mail: [head@edonges.org.za](mailto:head@edonges.org.za)

GRAAD 8 - 2022

Dit is vir ons aangenaam om u te verwelkom by Hoërskool Eben Dönges. Hierdie fase in u kind se lewe is slegs 5 jaar lank en ons kan u verseker dat dit bitter vinnig verby sal gaan.

U het u kind ingeskryf by Hoërskool Eben Dönges vir 'n rede en ons wil glo dit vir die regte redes is. Nou wat is vir ons belangrik:

1. Die skep van 'n atmosfeer/omgewing waarin elke leerder tot sy of haar reg kan kom.
2. Gedissiplineerde omgewing waarin elke leerder die nodige bedagsaamheid en respek teenoor sy medemens kan utoeleef.
3. Akademiese vordering van elke leerder.
4. Ontwikkeling van leerders in hul geheel dit wil sê, akademie + buitemuurse betrokkenheid.
5. Ouerbetrokkenheid

## PUNTE OM OP TE LET (BELANGRIK VIR DIE GRAADHOOF)

1. Akademie bly die primêre rede waarom u kind hier is. Ouers se bystand word benodig, sorg dat huiswerk gedoen word, woon asseblief die oueraande by.
2. Handboeke/skryfboeke elke dag by die skool.
3. Goeie gedrag en samewerking van leerders word vereis. Daar is 'n duidelike verband tussen 'n leerder se gedrag en sy akademiese vordering.
4. Netheid van leerders is van die uiterste belang. Daar is elke oggend 'n inspeksie van die leerders.
5. Elke kwartaal sal u kind 'n rapport ontvang. Daar word versoek dat ouers daarop aandring om dit by die leerder te kry en die uitslae te bestudeer.
6. Met die aanvang van die tweede en derde kwartaal is daar 'n oueraand waar u, u kind se vakonderwyser kan kom spreek. Leerders sal 'n kennisgewing ontvang.

## ADMINISTRATIEWE REËLINGS WAT VAN BELANG IS

### 1. COVID PROTOKOL

Elke leerder moet 'n materiaal masker dra. Geen "buffs" word toegelaat nie.

Soggens soos die leerders die terrein betree sal sifting plaasvind voordat leerders verder op die terrein mag beweeg.

Soos die leerder die klas betree en weer verlaat, sal die leerder se hande gesaniteer word.

Leerders se banke word ook deur die onderwyser gesaniteer tussen lesse.

Leerders word versoek om ook ten alle tye sosiale afstand van mekaar te hou.

### 2. AFWESIGHEIDSBELEID

Daar moet op die eerste dag wat die leerder terug is by die skool 'n brief by die registeronderwyser ingehandig word. Ouers kan ook die skool skakel en rede vir afwesigheid vir sekretaresse deurgee.

Afwesigheid tydens amptelike toetse en eksamens – leerder sal 0 kry tensy 'n **MEDIESE SERTIFIKAAT** die **VOLGENDE DAG** ingelewer word. **GEEN ANDER BRIEWE/OPROEPE** sal aanvaar word nie!

### 3. HANDBOEKE EN SKRYFBEHOEFTES

Leerders sal slegs handboeke ontvang nadat die volle eerste paalement van die skoolgeld betaal is.

Leerders moet na hul boeke omsien, aangesien hulle dit aan die einde van die jaar weer moet ingee. Boeke wat beskadig is, sal deur leerder op sy onkoste vervang moet word.

### 4. ALGEMENE NETHEID VAN LEERDERS

Indien daar enige probleme met die skooldrag is, moet ouer 'n brief aan die registeronderwyser/graadhoof rig, wat dan vir hom/haar toestemming sal gee om vir 'n spesifieke periode van tyd met die verkeerde skooldrag rond te loop.

Ouers moet asb. in die brief aandui tot wanneer uitstel gevra word sodat nodige reëlins getref kan word. Leerders sal nie toegelaat word om onbepaald met verkeerde klere rond te loop nie.

## 5. LAATKOM EN SKOOL VROEËR VERLAAT

Indien leerders soggens laatkom, sal hulle op dieselfde dag 1 uur na skool gehou word. Ouers sal deur sms in kennis gestel word dat die leerling na skool gehou word. Leerders moet toesien dat daar nie afsprake tydens skooltyd gemaak word nie, maar indien dit nie moontlik is nie, moet 'n brief aan die graadhoof gerig word waarin u die tyd en datum waarop die leerder die skool moet verlaat aandui. Die ouer of die aangewese persoon soos in die brief aangedui, moet die leerder by die sekretaresse kom afhaal.

## 6. GEDRAGSKODE

Leerders ontvang nie 'n gedragskode nie, maar daar word van leerders/ouers verwag om die dokument op die skool se webtuiste te gaan lees. 'n Ondernemingsvorm waarin die ouers/leerders onderneem om die gedragskode te eerbiedig moet deur die ouer en leerder voltooi word. NB – geen selfone word op die skoolterrein toegelaat nie en indien 'n selfoon openlik vertoon word, sal 'n personeellid dit konfiskeer. 'n Ouer sal dit dan by die skool moet kom afhaal. Indien dieselfde leerder 'n tweede keer gevang word met 'n selfoon, sal daar 'n boete betaalbaar wees, voordat die foon oorhandig word. Verkeerde skooldrag, juweliersware ens. sal by leerders afgeneem word en aan die einde van die kwartaal aan die leerder teruggegee word.

## 7. TAALONDERRIG EN BELEID

Slegs Afrikaans/Engels mag in klasse gebruik word. Gee aandag aan addisionele taal. Graad 10 – 12 bestaan uit gekombineerde klasse en sal in Afrikaans en Engels aangebied word.

## 8. BETROKKENHEID BY SKOOLAKTIWITEITE

Moedig leerders asseblief aan om betrokke te raak by aktiwiteite.

## 9. MEDIESE KONDISIËS

Bring asseblief enige ernstige mediese kondisie onder die aandag van die graadhoof.

## 10. OMSENDSKRYWES EN AFSKEURSTROKIES

Alle afskeurstrokies moet asb. die volgende dag deur die leerder teruggebring word. Dit is een van die wyses waarop die skool met ouers kommunikeer en daar word verwag dat leerders die skrywes onder die ouer se aandag moet bring.

## 11. VERMYDING VAN DETENSIE

Enige leerder wat sonder verskoning nie opdaag vir detensie nie, se klasse sal dadelik vir twee dae opgeskort word. Indien die patroon homself herhaal sal verdere stappe geneem word.

By voorbaat dank vir u ondersteuning vir die volgende vyf jaar.



G/MEYER  
WAARNEMENDE SKOOLHOOF



W BRAND  
GRAADHOOF